


# Week 2 & 3

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat nie enige persoon sommer aan hul lyfies mag vat nie.<br>• Hulle leer dat ons almal verskil en dat dit anvaarbaar is en moet wees om anders as ander te lyk.<br>• Maats leer hoe hul eie lyfies werk en aanmekaar gesit is.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, ryg, |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer ons almal anders en uniek is en dat ons vervolgens gemaklik in ons eie lyfies moet wees en ander dit ook moet gun om gemaklik in hul eie lyfies te wees.<br>• Maats leer dat ons dogtertjies of seuntjies is.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gedliggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "een" word vir die week behandel.<br>• Maats word geweeg en gemeet deur juffrou.<br>• Maats sorteer kledingstukke op grond van hul funksie.<br>• Maats se omtrek word afgetrek en hul "konstruktureer" dan 3D weergawes van hulself op bruinpapier met middels soos pypskoonmakers ens. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr en kryt vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Aandag word op die liggaam se samestelling en funksies geplaas.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos om 'n lyfie uit pasta te bou. |

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Een (1)***
- Vorm van die week: ***Sirkel***
- Kleur van die week: ***Blou***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 1 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:



# Bulletjie-Blou

# BULLETJIE-BLOU *(Die storie)*

Bulletjie-Blou is ’n fris vierjarige seuntjie wat dol is oor die kleur blou. Bulletjie-Blou bly in die dorpie, Blouvallei net so anderkant die Blouberge. Bulletjie het ’n pappa, mamma en ’n klein babasussie. Hulle almal het blou ogies en as hulle vir ’n uitstappie dorp toe ry in hulle blou motortjie, sê die dorpsmense: “Haai, kyk daar, hier kom die Blou-familie met hulle potblou ogies”. Bulletjie-Blou en sy gesin lag dan te lekker.

Bulletjie-Blou hou baie van rugby en julle sal nou dink dat hy vir die Blou-Bulle sal skree, maar toe nie. Hy hou van die Stormers; hulle blou en wit streeptruie lyk vir hom te mooi. Bulletjie droom daarvan dat hy eendag vir die Stormers gaan rugby speel en dat hy dan so 'n mooi blou en wit rugbytrui sal kan aantrek. Hy maak sy ogies toe terwyl hy op sy bed met die blou kombers lê en droom. Hy kan al hoor hoe skreeu die mense vir hom as hy met die rugbybal styf onder sy arm hardloop om 'n drie te druk: “Hardloop Bulletjie-Blou, druk daai drie!”

Dan hoor hy hoe iemand regtig na hom roep. Dit is sy mamma en sy roep: “Bulletjie, Bulletjie-Blou! Waar is jy? Kom drink jou blou borrelgom melkskommel!” Bulletjie-Blou glimlag en dink so by homself: “Blou is is die kleur van alles wat lekker en mooi is.” Hy spring op en loop al met die blou gang af tot in die kombuis. “Dankie mamma”, sê hy en vat ’n sluk sy blou melkskommel. “Dit is heerlik!”

**Vertoon hierdie week vir Bulletjie-Blou in die klas**

Maats kan die ganse week vir Bulleltjie-Blou blou kossies gee om te “eet”. Hulle kan blou speelgoed voor hom uitpak waarmee hy kan “speel”. Hy kan ’n blou “kombers” kry ens. Moedig maats aan om gepaste blou items vanuit die klas of van die huis af vir Bulletjie-Blou te bring.

**Probeer hierdie week om BLOU verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats verskeie geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die (blou) verf, klei ens. is.**




Mollie


Sirkels die Sneeuman
Hoeveel sirkels sien julle?


Mollie


Mollie

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Die appel staan VOOR Adam en Eva / Daar is EEN boom in / Die hemel is BLOU

# Bybelles

## *Adam en Eva*

## DAG 1-2

Toe God vir Adam gemaak het, het Hy stof gevat en Adam daarmee gemaak. Kan julle dit glo maatjies? God het vir Adam uit stof gemaak! God het toe asem in Adam se neus in geblaas en skielik het Adam lewendig geword! Adam was die heel eerste man in die wêreld.

God het vir Adam 'n pragtige tuin gegee om in te bly. Die tuin se naam was Eden. Dit was vreeslik mooi! In die tuin het die pragtigste blomme gegroei en die mooiste voëls rondgevlieg. Daar het ook oral diere rondgeloop. Maar al was die tuin sommer baie mooi gewees, en al was daar baie diere in die tuin, het God het gesien dat Adam alleen was. God het vir Adam jammer gevoel en besluit om vir hom 'n maatjie te maak.

Hy het vir Adam baie diep laat slaap. Terwyl Adam so lekker slaap haal God toe een van sy ribbebene uit sy lyf uit. Hy maak toe vir Adam 'n vrou uit die ribbebeen. Haar naam was Eva. Eva was die heel eerste vrou in die wêreld. Adam was sommer baie bly dat God haar gemaak het, want nou het hy 'n maatjie gehad.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Stof**
Baie fyn sandjies

**Tuin**
'n Plek vol pragtige blomme, plante en soms diere

**Ribbebeen**
Bene wat jou hartjie en longe beskerm

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die name van die eerste man en vrou in die wêreld?
- Waaruit het God vir Adam geskep?
- Wat was die naam van die pragtige tuin waarin Adam gebly het?

### Lewensles

God is 'n baie sterk/magtige God - uit net stof kan Hy 'n mens maak

# Bybelles

*Adam en Eva*

## DAG 3-4

God het vir Adam en Eva gesê hulle kon van alles in die tuin eet todat hulle magies sommer trommeldik was. Maar daar was een boom waarvan hulle nie mag geëet het nie. Hierdie boom was “Die boom van goed en kwaad”.

Terwyl Eva eendag besig was in die tuin, het daar 'n slang uit ’n boom met haar begin praat. Die slang het vir Eva gesê om God se reëls te breek. Hy het vir haar gesê en om van die vrugte van die boom te eet want dit was baie lekker en dit sou haar net so slim soos God maak. Eva het vir die slang geluister en van die vrugte geëet. Sy het toe ook vir Adam van die vrugte gegee om te eet.

Die twee stoute mense het te lekker aan die vrugte geëet. Toe maak die vrugte hulle slim en hulle kom agter dat hulle nie klere aanhet nie! Hulle het toe sommer baie skaam gekry en vir God gaan wegkruip.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Slang**

’n Glibberige reptiel/diertjie wat op sy magie seil

**Reëls**

Sê vir ons wat ons “mag” en “nie mag” doen nie

**Slim**

As ons baie goed weet dan is ons “slim”

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Mag Adam en Eva van “Die boom van goed en kwaad” geëet het?
- Wie het vir Eva gesê sy moet van die vrugte eet?
- Wie het vir Adam van die vrugte gegee om te eet?
- Wat het hulle gedoen toe hulle uitvind hulle het nie klere aan nie?

### Lewensles

Ons moet vir God luister

## DAG 5

God het vir Adam en Eva geroep en vir hulle gevra hoekom hulle wegkruip. Hulle het erken dat hulle stout was en gesondig het. God het toe gesê dat hulle nie meer in die Tuin van Eden kon bly nie omdat hulle die reëls verbreek het. Hy het hulle uit die Tuin gesit en engeltjies by die tuinhekke gesit om te keer dat stoute mense nooit weer in die tuin sou kon inkom nie.

God het toe vir Adam en Eva gesê dat hulle nou hard sou moes werk om aan die lewe te bly. Hy het ook vir hulle gese dat hulle nie vir altyd sou lewe nie, maar eendag sou doodgaan.

### Hersiening

**Herhaal terme**

Stof/Tuin/Ribbebeen/Slang/Reëls/Slim

### Lewensles

Ons moet vir God luister

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Die hemel is BLOU / Die boot is IN die water / Noag staan OP die boot

Noag was 'n man wat sommer baie lief vir God was. Hy het 'n vrou en drie seuns – Sem, Gam en Jafet – gehad. Noag was nie soos die ander mense op die aarde nie, want die ander mense was baie stout. Hulle het sommer baie gesondig.

Op 'n dag het God toe vir Noag 'n baie vreemde ding laat doen. Hy het vir Noag gesê om 'n groot ark te bou. Hierdie ark moes sommer baie groot wees. Noag moes sorg dat die ark drie verdiepings hoog sou wees. Die ark moes ook verskillende vertrekke/kamers gehad het. Van die kamers moes groot genoeg vir Noag en sy gesin wees, maar van die kamers moes so groot wees dat diere daarin kon slaap. Noag moes ook genoeg kamers op die ark bou om sommer baie kos te stoor.

God wou gehad het dat Noag hierdie groot ark moes bou omdat Hy beplan het om al die sondige mense op die aarde te straf omdat hulle so lelik was. Hy sou sommer baie reën stuur om die aarde te oorspoel en om al die sondige mense saam weg te spoel. Niks sou oorleef nie. God wou Noag en sy gesin spaar omdat hulle lief vir Hom was.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was Noag se seuns se name?
- Hoe het God gesê moet die ark lyk?
- Hoekom sou God 'n vloed stuur?

# Bybelles

*Noag se ark*

# DAG 6-7

## Woordeskat-ontwikkeling

Ark

'n Groot boot

Sondig

Om lelik met ander mense of met God te wees

Oorspoel

Baie/te veel water op een plek "oorspoel"

## Lewensles

Ons moet nie sondig nie en moet soos Noag na God luister as Hy iets van ons vra

# Bybelles

## Noag se ark

# DAG 8-9

God het vir Noag gesê seker te maak dat daar geen water in die ark sou kon inkom nie. God wou hê dat die ark droog moes bly en kon dryf, want Hy het geweet dat Hy nie net 'n bietjie water sou stuur nie, maar 'n water*vloed*! Almal wat nie in die droë ark sou wees nie, sou sterf.

Noag en sy seuns het vir God geluister en begin bou. Die ander mense het vir hulle gelag en gedink hulle is mal. Niemand het vir Noag geglo toe hy vir hulle vertel dat God 'n vloed sou stuur nie. Hulle het met Noag gespot, maar Noag het hom nie aan die mense gesteur nie. Hy het aanhou bou omdat God vir hom gesê het hy moet.

Die ark was na baie jare klaar. God het toe vir Noag gesê dat Hy twee van elke dier, 'n mannetjie en 'n wyfie, na die ark sou stuur. Noag moes dan saam met sy gesin en al die diere in die ark ingaan. Toe seël God die ark en stuur die reën.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Vloed**

Vreeslik baie water

**Mannetjie**

'n Seuntjie-diertjie

**Wyfie**

'n Vroutjie-diertjie

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Hoekom het die mense vir Noag gespot?
- Het Noag alleen aan die ark gebou?
- Hoeveel van elke diertjie moes in die ark ingaan?
- Wie het die ark se deur geseël/toegemaak?

### Lewensles

God hou by Sy woord - Hy het die reën soos beloof gestuur

# DAG 10

Die mense het steeds nie geglo dat daar 'n groot watervloed sou kom nie. Hulle het aangehou om met Noag te spot.

Skielik het dit begin reën en reën. Toe het mense begin besef dat Noag reg was. Hulle was baie bang, maar dit was te laat gewees. Die watervloed het die hele aarde verspoel! Alles was waternat. Dit was die meeste water wat nog ooit op die aarde neergereën het.

In die ark het Noag en sy gesin en al die diere veilig gewag dat die reën moet ophou val.

### Hersiening

**Herhaal terme**

Ark/Sondig/Oorspoel/Vloed /Mannetjie/Vroutjie

### Lewensles

God sal altyd sorg vir Sy kinders wat soet (gehoorsaam) is

Mamma noem my liefie-lyf,

en vryf haar hand dan deur my kuif.

Onthou jou lyfie is perfek,

elke deeltjie op sy plek.

Jesus het jou so gemaak,

dit was 'n grote liefdestaak!



# Tema

*(Gedig, lied en storie)*


## Gediggie van die week

*Liefie-lyf (CD)*


***Die gedig dui vir maats aan dat hulle lyfies perfek is en in liefde geskape is.***











## Liedjie van die week *Die lyfliedjie (CD)*

**Die liedjie help maats om deur middel van aksies hulle liggaamsdele te ontdek. Laat maats die prettige instruksies ritmies uitvoer!**

## Storie van die week

*Ons is almal anders (CD)*

***Hierdie week besef Mollie dat al sy maats nie dieselfde lyk nie. Hulle is almal anders en uniek in hulle eie reg.***

***Die storie wil vir maats bewus van diversiteit maak en ook by hulle tuisbring dat ons mekaar moet respekteer. Almal is nie dieselfde nie en almal hoef ook nie dieselfde te wees nie. Ons verskille maak ons vriendskappe interessant.***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *('n Wasgoedmandjie)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n wasgoedmandjie uit.
Gebruik die handpop en pak die boks stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

Mollie is baie moeg vandag. Hy en mamma maak al heeldag skoon. Hulle het al die sitkamer en eetkamer skoongemaak, die skottelgoed in die kombuis gewas en die huis uitgevee. Nou moet hulle die vuil wasgoed was. Mollie staan by die wasmasjien. Hy gee vir mamma die vuil wasgoed aan wat in die wasgoedmandjie is. Wil julle sien wat alles in hierdie mandjie is? *(Haal onderskeie **klere-items** wat aan onderskeie liggaamsdele gedra word uit die mandjie. [Voorgestele items: **hoede, mussies, serpe, hemde, truie, broeke, rokke, gordels, kouse**.] Vra telkens vir maats op watter liggaamsdeel elke item gedra word. Maak dit 'n speletjie. Items kan selfs vir maats oor hulle klere aangetrek word. Pak dit daarna op die tafel uit)*

Toe Mollie klaar vir mamma die vuil wasgoed aangegee het, vra sy vir hom om asseblief al die papiere in pappa se studeerkamer te gaan optel. Toe Mollie in die studeerkamer kom is daar hope papiere. Mollie tel alles op. Toe sien hy 'n groot rol bruinpapier. Hy loer by die gang af of hy vir mamma sien en toe rol hy 'n groot stuk papier af. Wil julle sien wat hy gedoen het? *(Vat **groot stukke koerant- of bruinpapier**. Laat maats een-een op die bruinpapier lê en trek die buitelyne van hul lyfies na. Maats kan ook met **doppies, pypskoonmakers ens.** voorsien word om hul vir hul getekende lyfies ogies, mondjies ens. te plak. Alternatiewelik kan hulle bloot hul gesigte ens. in teken of verf.)*


Nadat Mollie pappa se studeerkamer skoongemaak het, gaan help hy vir mamma kosmaak. Mamma kook en Mollie maak die nagereg. Hy maak heerlike **rooi jellie**. Terwyl hy dit so kyk dink Mollie aan sy eie lyfie. Die bloed wat deur sy are loop is ook mos bloedrooi, net soos die jellie. En dan is daar mos ook baie witbloedselletjies wat in sy bloed bly en sy lyfie help gesond hou. Mollie kry 'n slim plan. Hy hardloop na sy kamer toe en gaan haal 'n klomp **wit balletjies** uit sy kas. Hy hardloop terug in die kombuis in en gooi dit in die bak jellie. Daarsy! Wit en rooi bloedselletjies! Wil julle dit ook doen? *(Gee vir maats 'n bak vol rooi jellie met wit balletjies gevul. Laat hul die ervaring geniet!)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

Nadat mamma en Mollie so hard aan die huis gewerk het, besluit Mollie om bietjie te verf. Hy vra vir mamma vir 'n stuk koerantpapier en begin te lekker daarop verf. Toe mamma uitkom lag sy. "Mollie jou hele lyfie is amper vol verf! Het jy met die kwas of met jou lyfie geverf?" Mollie lag skaam. "Ek het seker maar met die kwas en met my lyfie geverf!" Maats wil julle ook met julle lyfies verf? (*Pak groot* ***velle koerant- of bruinpapier*** *en* ***verf*** *uit. Laat maats telkens op jou instruksie verfadrukke met hul hande, elmboë ens. maak).*




Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*


## Dag 1 en 2






Dogtertjies en seuntjies lyk nie altyd dieselfde nie. Seuntjies se hare is byvoorbeeld soms korter as dogtertjies se hare.
Al is ons nie heeltemal dieselfde nie het ons almal koppe.
My kop het hare, wenkbroue, ooghare, ogies, ’n neus, wange, ’n mond en ken.


## Dag 3 en 4






My kop rus op my nek.
My nek rus op romp/lyf. My romp/lyf het skouers en aan die voorkant ’n borskas en magie.
My romp/lyf het van agter af ’n rug met vlerkies. Binne in my ruggie is my rugstring.
Van agter af kan mens ook my bene se kuite sien.

## Dag 5





My arms bestaan uit ’n skouer, bo-arm, elmboog, voorarm en hande met tien vingertjies.
My bene bestaan uit my bobene, kniegies, maermerries, enkels en my voete met tien toontjies.

Verduidelik vir maats wat die woord “liggaam” of “lyfie” beteken. Jesus het elkeen van ons perfek gemaak. Nie een van ons lyk dieselfde nie. Party het kort hare, ander het lang hare. Party het donker hare en ander het ligte hare. En so is ons elkeen **pragtig** gemaak.

Ons het ’n **kop** wat met ons **nek** aan ons lyf vas is. Bo-op my kop is daar hare – party mense se **hare** is reguit en ander sin is gekrul. Party mense het donker hare en ander het blonde hare. Dis te lekker as mamma ons na die haarkapper toe vat om ons hare mooi te sny.

Voor in my **gesiggie** het ek twee **ogies**. Weer het Jesus ons so gemaak dat ons almal anders lyk. Party mense het bruin oë, ander het groen oë en ander het blou oë. Met ons ogies sien ons al die wonderlike goed soos mooi blomme of diep kleure rondom ons.

Aan ons **ooglede** het ons **oogwimpers** wat keer dat daar stof in ons oë waai of dat sweet van ons voorkoppe af in ons oë laat loop. Bokant ons oë het ons **wenkbroue** wat ook keer dat die sweet, wat van ons **voorkop** afrol wanneer ons lekker buite gespeel het op ’n warm dag, nie in ons oë rol nie. Ons wenkbroue word ook gebruik wanneer ons byvoorbeeld wys ons is hartseer, verbaas, bly of kwaad. As ons verbaas is, rek ons ogies groot en ons wenkbroue beweeg op.

’n Bietjie laer, in die middel van ons gesiggies is ons **neusies**. Ons het **twee neusgate** en met ons neusies ryk ons hoe lekker dit ruik as mamma/ouma koekies bak of hoe lekker mamma/ouma/juffrou se reukwater ruik. Ons kan slegte reuke ook ruik, soos bv. ’n aartappel wat vrot geword het.

Onder ons neusies is ons **monde** en as ons met ons mondjies lag, sien mense ons **tande** en **tong**. Ons mondjies bestaan uit ’n onderlip en ’n bolip en weer lyk elke maatjie se mond anders.

Aan elke kant van ons gesiggies, langs ons neusies en mondjies het ons 'n **wang** – so, ons het twee wangetjies. Party maatjies het ronde wangetjies en party maatjies het rooi wangetjies.

Ons het twee **ore**, een aan elke kant van ons koppe. Met ons ore hoor ons – ons hoor bv. mooi musiek of harde geluide soos ’n pot wat val!

# TEMA-LES

*My kop*

# DAG 1-3

## Kritiese denke

- Lyk ons almal dieselfde?
- Is dit beter om ’n sekere manier te lyk?

## Kinestetiese leer

Laat maats voor ’n spieël staan en hul ore, ogies, neus, mond ens. besigtig. Laat maats verstaan dat ons is verskillend maar tog eenders is.

## Woordeskat-ontwikkeling

Kop
Oor
Oog
Ooglede
Oogwimpers
Wenkbroue
Neus
Mond
Tande
Tong
Wang
Nek

# TEMA-LES

*My romp/lyf*

## DAG 4-5

### Kinestetiese leer

Laat maats weereens voor 'n spieël staan en die res van hul lyfies bestudeer. Dui weereens op verskille en ooreenkomste. Maats moet weet dat ons pragtig op unieke maniere is.

Ons koppe is aan ons lyfies vas met ons nekkies. Ons **nek** hou ons koppies regop en draai dit in 'n rigting wanneer ons na iets wil kyk. Ons nekkies help ons ook om ons kop op te lig of te sak!

Die deel tussen my kop en my bene word 'n mens se **romp/lyf** genoem. Aan die voorkant is my **bors** en my **maag** en aan die agterkant is my **rug**. Wanneer ek eet, gaan my kos in my maag in en dan sal ek sê: "Baie dankie, my magie is nou vol."

Aan die agterkant van my bors en my maag is my rug, waar my rugraat in die middel van my rug is. Aan my **ruggraat** is daar my **ribbetjies** wat voor om my lyfie aan my **borskas** vas is. My rugraat help my om vorentoe, agtertoe en sykante toe te kan buig. Dit hou my lyfie regop en beskerm my hart, longe en ander organe. Aan weerskante van my rugraat is my **heupe**.

.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Romp | Rug | Arms |
| Lyf | Ruggraat | Bo-arms |
| Liggaam | Ribbetjies | Elmboë |
| Bors | Borskas | Hande |
| Maag | Heupe | Vingers |

*My arms en hande*

## DAG 6-7

### Kinestetiese leer

Laat maats hul eie arms en handjies besigtig. Wie se arms is die langste? Wie se arms is die kortste? Laat hulle ook hul vingertjies wikkel en op hul vingers tel.

Vas aan my skouers is my twee **arms; bo-arms, elmboë** en die onderste gedeelte van my arms waaraan my **hande** is. My elmboë help my om my arms te buig. Ek het vyf vingers aan elke hand en saam het ek dan tien vingers My arms kan ek om pappa of mamma se nekke sit en hulle 'n lekker drukkie gee om te wys hoe lief het vir hulle is. Ek kan my arms oplig sodat my hande lekker stewig aan 'n tak kan vashou as ek wil swaai. Met my hande hou ek die lekker broodjie wat mamma vir my gemaak het vas of vang ek die bal wat pappa vir my gooi. Met my **vingers** hou ek kryt vas as ek mooi prentjies teken, inkleur en verf. Ek tel ook die speelgoed wat geval met my vingers optel. Ek kan my skoene vasmaak en knope los- en vasmaak.

Laat maatjies saam gesels en met voorbeelde kom wat 'n mens nog met jou arms, hande en vingers doen.

# TEMA-LES

*My bene en voete*

# DAG 8-9

My **bene** is by my heupbene vas aan my romp en aan my bene is my: **knieë**, **voete** en **tone**. My bene bestaan uit my **bobene**, **kniee**, **kuite**, **enkels**, **voete** en **tone**. Met my bene beweeg ek – ek hardloop, spring, skop bal en speel. Net soos my elmboë, laat my knieë en enkels my bene en voete buig. Ek het vyf tone aan elke voet en is dit nie interessant om te weet dat my tone my help om te balanseer nie!

## Kinestetiese leer

Laat maats plat op die mat met hul bene uitgestrek sit. Laat hul nou hul eie arms en handjies besigtig. Wie se bene is die langste? Wie se bene is die kortste? Laat hulle dan opstaan en op een been staan. Wys vir hulle hoe hulle groot-tone die grond "vasgryp" en hul lyfies balanseer.

## Woordeskat-ontwikkeling

| | |
|---|---|
| Heupbene | Kuite |
| Bene | Enkels |
| Bobene | Voete |
| Knieë' | Tone |

**As bonus is daar hierdie week 'n veiligheidspraatjie deur Mollie Muis op jou stokkie! Die praatjie leer vir maats hoekom nie enige persoon sommer net aan hulle lyfies mag vat nie. Deur middel van spel word hierdie belangrike boodskap aan maats oorgedra.**

*Hersiening*

# DAG 10

## Ouditiewe leer

Doen hersienning van die tema deur die kleuters vrae te vra en hulle geleentheid te gee om die onderskeie dele van die liggaam op die temabord uit te wys en te benoem.

Onthou dat maats onder hierdie tema baie woorde en inligting moes inneem. Herhaal dalk vervolgens die onderstaande liggaamsdele weereens:

## Toets maats se begrip van die onderstaande woorde

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Liggaam/Lyf | Neus | Lyf | Heupe | Bene |
| Kop | Mond | Bors | Arms | Bobene |
| Oor | Tande | Maag | Bo-arms | Knieë' |
| Oog | Tong | Rug | Elmboë | Kuite |
| Ooglede | Wang | Ruggraat | Hande | Enkels |
| Oogwimpers | Nek | Ribbetjies | Vingers | Voete |
| Wenkbroue | Romp | Borskas | Heupbene | Tone |

## Knip, skeur, manipuleer en plak


Die onderstaande maatjie kort hare. Gee vir maats materiale soos wol, watte en pypskoonmakers en laat hulle vir die maatjie haartjies "bou". Strikkies ens. kan ook aan maats verskaf word om hul haardosse mee te verfraai.



# KUNSWERK
*Aktiwiteit 2*


## Knip, manipuleer en plak

Laat elke maat 'n papierbord menskleur verf of inkleur. Laat hul dan gesiggies op die papierborde bou. Doppies kan bv. vir ogies gebruik word, pypskoonmakers vir monde ens. Alternatiewelik kan die onderstaande dele van 'n gesig op die papierbord geplak word. Hoedjies kan vir die papierbordgesigte uit karton of kleurpapier gemaak word of haardosse van wol ens. kan vir die papiergesiggies geplak word.



## Knip, sorteer en plak

Knip die ondestaande mannetjie in die aangeduide repe uit. Laat maats die mannetjie dan in die korrekte orde uitpak of op 'n ander bladsy plak.



## Knip, manipuleer en plak

Gee vir maats verskillende soorte pasta. Laat hulle nou vir die seuntjie 'n lyfie uit pasta plak. Daar word aanbeveel dat Macaroni gebruik word.



## Meet, weeg, verf en afdruk

Hou 'n spieël voor maats en wys vir hulle watter kleur hul ogies, hare ens. is. Laat klein maats dan op 'n skaal klim en weeg hulle. Meet hulle ook. Voltooi dan vir maats die volgende kaart voordat hul voetafruk in die linkerkantste blok gedruk word.


| |
|---|
| My naam is: |
| |
| My hare is: |
| |
| My ogies is: |
| |
| Ek is __________ handig (regs/links) |
| |
| Ek weeg: |
| |
| Ek is ___________ lank. |
| |
| My skoenommer is: |
| |

## Blaas, vingerverf en inkleur

Gee vir maats elkeen 'n plastiekstrooitjie. Plaas druppels nat blou waterverf op strategiese plekke van Bulletjie-Blou. Maats moet deur hul strooitjies blaas om die verf te versprei en Bulletjie-Blou sodoende "in te kleur". Sy mond en ogie kan ingekleur word of met vingertjies geverf word.

# Bulletjie-Blou






# KLEIKAART
*Aktiwiteit 7*

## Manipuleer en druk

Laat maats lang klei-slange vorm. Laat hulle dan die slange op die onderstaande sirkels uitlê en platdruk. Maats moet by die groot sirkels begin en dan na die kleiner sirkels beweeg. Maats moet dan ook die "een" vorm.



## Benodighede

| | | |
|---|---|---|
| Gekleurde Vorms | Borrels | Bakens |
| Tou | Balanseerbalk | Plastiekhouer |
| Ruimtetonnel | Groot balle | Kegels |
| Stelte | Boontjiesakkies | Hoepels |
| Rakket | | Stoeltjies |

### Opwarming

- Plaas tien of meer verskillende kleure groot balle op die gras.  Laat maats tussen de balle deurhardloop sonder om aan 'n bal te raak.
- Beveel maats om telkens bv. die geel bal te rol, die blou bal te skop ens.

### Balans

- Laat maats met stelte op die gras rondloop.
- Laat maats met stelte tussen hoepels deurloop.
- Laat maats oor die balansbalk met 'n boontjiesakkie op hul kop loop.  Sodra maats aan die einde van die balk kom, moet hulle die sakkie afhaal en deur 'n ooghoogte (die maat se ooghoogte) hoepel in 'n houer/krat gooi.

### Lateraliteit

Plaas 'n tou op die grond.  Sit kegels langs die tou neer en plaas 'n tennisbal op elke kegel. Laat kleuters platvoet oor die tou loop en telkens voor 'n kegel gaan staan.  Maats moet dan die bal van die kegel af optel en 'n plastiekhouer gooi wat vir hulle gehou word.  Herhaal tot al die balle in houer is.

### Luistervaardigheid

Laat maats langs die tou staan. Klap telkens jou hande een, twee of drie keer terwyl maats soveel keer oor die tou spring.  As jy een keer klap, moet hulle een keer spring ens.

### Koördinasie

- Laat maats 'n groot bal met 'n rakket vorentoe dribbel.
- Laat maats 'n bal tussen hoepels deur dribbel.
- Plaas twee bakens ongeveer 1m voor elke maats. Laat maats die bal deur bakens slaan. Oefen akkuraatheid oor die 1m afstand.

### Ruimtelike oriëntering

Lê 'n rondte-baan uit met hoepels, stoeltjies, 'n ruimtetonnel, balanseerplankies, vorms en boontjiesakkies.

Maats moet nou:

- op die boontjiesakkies loop,
- met twee voete in die hoepels spring,
- deur die tonnel klim,
- in “hopschotch”-formaat op vorms spring (bv. oop en toe bene, op een been ens.),
- onderdeur (stoeltjies word gebruik om plankie op te sit) en bo-oor plankie kruip en loop.

**Afwarming**

Blaas borrels terwyl kleuters in ’n sirkel staan en die borrels met hulle ogies volg. Laat hulle die borrels probeer vang en bars.



# My lyfie as bron van elektrisiteit  - Ladings

Jou lyfie  het energie en selletjies in. Kyk hoe kan jou lyfie se elektrisiteit ’n blikkie maak rol!



## Benodighede

- ’n Leë blikkie
- Ballon
- Maat(s) met ’n lekker bos hare

## Instruksies

1. Blaas die ballon op.
2. Plaas die blikkie op n gladde vloer of tafeloppervlakte.
3. Vryf die ballon deur die maats se hare.
4. Hou nou die ballon naby ander maats se hare en wys uit hoe dit hulle haartjies laat opstaan.
5. Verduidelik dat ons lyfies elektriese deeltjies kan help belyn. Dit laat die ballon ons hare optel.
6. Vryf weer die ballon deur die maats se hare.
7. Hou dit hierdie keer naby die blikkie en sien hoe rol die blikkie nader of weg van die ballon af.
8. Hou aan om die ballon in dieselfde rigting te beweeg om die blikkie te laat rol.

## Wat het ons geleer?

Wanneer die ballon deur ons haartjies getrek word belyn die elektriese ladings op die ballon se oppervlak.  Die ballon kan dan voorwerpe met ’n baie ligte positiewe lading optel of nader trek.

MY LYFIE

is elektries!

